

Inhoud Hierdie preek wys dat dit God se eer is om die liefde, die lof en eer wat sy kinders vir Hom het, vir ewig behoue te laat wees saam met Hom. Daarom het die Here die ewige lewe vir sy kinders geskep deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus. Omdat die Here ewig met ons leef, kan die Here nooit te laat wees om ons te help voor en met die dood nie. Jesus Christus is nie net 'n wonderbewerker wat mense kan gesond maak om nie dood te gaan nie. Hy is die Here van lewe en dood wat sy kinders in en deur die dood vir Homself lewend behou. Hierdie preek was vir die roudiens van Kelvin Coleman wat as jongman verongeluk het in Levubu.

Skriflesing Ps. 30: 7-13; Joh. 11: 1-5; 17 -44.

Teks Joh. 11:25, 26. "Wie in my glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit in alle ewigheid sterwe nie."

Tema Christus sluit ons in sy lewe in om saam met Hom te leef vir ewig. Roudiens Kelvin Coleman

1. Niemand van ons wil vanoggend hier wees nie. Nie Kelvin se gesin of familie nie, nie sy vriende nie. Ek wil ook nie hier wees nie. Ons wil nie na vertellings oor Kelvin se lewe of karakter luister om hom te herdenk nie. Ons wil nie van hom afskeid neem nie, want ons wil hom hier by ons hê, lewend, nie dood nie.

Een van die grootste redes daarvoor is dat ons nie van Kelvin kon hou nie. Hy het nooit toegelaat dat iemand net van hom hou nie. Op sy kenmerkende manier het hy altyd dit op een of ander wyse net reggekry om diep in jou hart in te kruip sodat jy hom lief gekry het. Daarom kon 'n mens nie sommer maar net van hom hou nie. Jy moes hom liefhê vir die manier waarop hy altyd naby jou kon kom en saam met jou wou wees.

Dit is hoekom ons nie hier wil wees by sy roudiens nie. Dit is net te seer!

2. Baie van ons het die afgelope week in ons self gewroeg oor of ons nie net met hom kon wees om net 5 of 10 sekondes van verlede Saterdagoggend te kon verander het nie. Dit is werklik al wat nodig was om die verskil tussen lewe en dood te kon maak. 5 of 10 sekondes later sou die bakkie hom nie doodgery het nie.

Dit wys ons hoekom ons nie hier wil wees vanoggend nie. Hierdie roudiens bevestig eintlik vanoggend net vir ons elkeen ons eie magteloosheid om iets vir Kelvin te kan doen, hou na hy dood is.

Dit is ook die magteloosheid van Lasarus se familie met sy dood gewees. Hulle wou Jesus by Lasarus gehad het om hom gesond te maak, soos hulle gesien het die

Here baie ander mense gesond gemaak het. Daarom het hulle 'n boodskap na die Here gestuur: "Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: "Here, hy vir wie U lief is, is siek." 11: 3

3. Dan gebeur die vreemde. Die Here los nie alles om te kyk hoe vinnig Hy by Lasarus kan kom om hom gesond te maak nie. Hy het nog twee volle dae eers gebly op die plek waar Hy was, voor hy die reis na Lasarus aangepak het.

Daar was in die Here geen angs of paniek dat Hy te laat sal wees om te help nie. Ook geen gevoel van magteloosheid dat Hy daar moet wees vóór hy doodgaan, anders kan Hy niks meer vir Lasarus doen nie. Dit was die hartseer van sy susters soos gestel in Martha se woord: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie." 11: 21. Dit is ook die vermakerigheid van die Jode teenoor Jesus as 'n profeet, wat te besig sou wees met sy groot en belangrike werk om profeet te wees, om sy eie geliefdes te kan help. Hulle verwoord hulle hoon en minagting vir Jesus in die woorde: "'Kon hy wat die oë van 'n blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?'"

4. Toe die Here in Betanië aangekom het, was Lasarus al vier dae in die graf.

Vier dae te laat!

Toe hulle vir die Here sê hulle sal vir Hom Lasarus se graf gaan wys, het die Here gehuil. By die graf self het die Here se gemoed weer vol geskied, bedoelende Hy is so aangegryp deur die verlies van die dood, dat Hy innerlik ontwrig is. Hy het weer gehuil.

Jesus wat huil is net so vreemd soos Jesus wat nie by Lasarus probeer uitkom om te help voor hy doodgaan nie. Die Here het mos geweet dat Hy Lasarus uit die dood sou opwek. Hoekom huil as jy weet jy gaan hom nou binne oomblikke weer sien? Met 'n magsdaad weer lewend maak? Daar moet mos eintlik by die Here amper 'n opgewondenheid gewees het omdat Hy geweet het hoe gelukkig Hy almal nou gaan maak!

Jesus huil want dit gaan nie vir die Here oor mag of 'n magsdemonstrasie nie. Dit gaan oor liefde. Die Here het Lasarus liefgehad as Here. Hy was nie maar net Lasarus se goeie vriend nie. Hy deel die rouSMART van hulle wat hul geliefde broer verloor het. Die Here deel hulle verlies, nie omdat Hy 'n simpatieke bystander is nie. Hy deel hulle verlies as Here. Die liefde wat hulle verloor het, voel Hy ook as sy eie verlies as Here.

5. Dit is hierdie verlies van die Here, self God, wat Dawid in Psalm 30 treffend beskryf in sy eie angs vir en magteloosheid teenoor die dood in die woorde:

“Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit U trou verkondig?” Ps. 30:10.

Werklike verlies vir God! Die verlies van die liefde van sy dienaar! Die verlies van die eer, die dank en lof van sy dienaar wat Hom as Here liefhet. Dit is die geloofsbelydenis van Dawid oor God in hierdie pleitende vraag: “Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit U trou verkondig?”

Dit is 'n geloofsbelydenis dat dit vir God nie oor mag gaan nie, al is Hy die Almagtige! Dit is 'n geloofsbelydenis dat God hom nie net gemaak het om op te gebruik, en wanneer hy dood gaan, God net nog ander maak om sy plek te vat en sonder hom, met sy magtigheid oor alles en almal aangaan nie.

Dit is die afgode van mense wat so met mense maak: om hulle gesigloses in 'n massa te maak wat net daar is om deur God gebruik en weggegooi te word.

6. Die Here het gehuil!

Christus wat hier voor Lasarus is graf staan, is self God. Hy is die Almagtige, nie maar net 'n wonderwerker wat God gebruik soos God volgens die Jode alle mense sou gebruik nie. Die Here self deel die verlies en rou van hulle wat liefhet. Want Hy het sy kinders lief. Hy gebruik hulle nie en gooi hulle weg nie.

Die dood gaan oor werklike verlies vir God. Die verlies van die liefde, die eer, dank en lof van sy geliefde kinders.

Dit is hoe ons die Here ook moet ontdek in die dood van Kelvin met die geloofsbelydenis van Dawid oor God se liefde in die vraag: “Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit U trou verkondig?”

Watter voordeel is daar vir God in Kelvin se dood? Want in hom is daar soveel weg!

- Wie gaan nou ons pyn saam met ons voel soos Kelvin dit in ons kon aanvoel en met ons kon deel? Kelvin het ander se pyn altyd in homself as sy eie pyn gevoel en as sy eie pyn help dra en verlig.
- Wie gaan nou soveel liefde gee soos Kelvin dit kon gee, asof dit maklik en vanselfsprekend is om sommer net lief te hê? Want dit is hoe Kelvin liefde gegee het, sommer só.

- Wie gaan nou so lojaal wees om te help, by te staan en ondersteun soos hy dit gedoen het? Kelvin het hom altyd vir mense 'n steunpilaar gemaak wat regtig 'n steunpilaar is en waarop jy altyd kon reken.
- Wie gaan nou ons gemoed opbeur en ons verkwik wanneer ons self verslae en moedeloos is? Want dit is wat Kelvin by uitstek met ons gedoen het, om ons op te beur met 'n lewensvreugde en lewenslus wat gelyk het of hy dit onbeperk het.
- Wie gaan ons wys hoe om saam met arbeiders te voel, soos hy met arbeiders hulle swaarkry kon deel, al was hy deel van die werkgewers gewees? Wie gaan ons verbaas oor hoe maklik dit is om sonder rassegevoel vriende en vennote te maak? Want dit was sommer net soos hy was.
- Wie gaan ons inspireer om soveel geleentheid en oplossing te kan raaksien en te kan bewerk met die ondernemingsgees wat Kelvin gehad het. Altyd weer net 'n nuwe plan waarmee hy homself net verder vorentoe vat.

Watter voordeel kan daar vir God wees om so dienaar te laat doodgaan?

7. Dit is presies wat die Here wys deur Lasarus uit die dood uit op te wek. God het geen voordeel in die dood van sy kinders nie. Met hierdie magsdaad wys die Here wie Hy ons vir Hom laat wees. Die Here openbaar wie ons vir Hom is in die woorde: "Wie in my glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit in alle ewigheid sterwe nie." Joh. 11:25,26.

Die Here wek nie Lasarus uit die dood uit op om vir predikante, pastore en rabbi's te wys wat God deur hulle gaan doen nie. Dit is belaglik! Die Here wys met 'n magsdaad hoe Hy nooit sal toelaat dat Hy enige een van sy kinders aan die dood sal oorgee nie, want vir Hom is daar geen voordeel in die dood en verlies van een van sy kinders nie.

God het ons so lief dat Hy ons nie vir sy liefde laat verlore gaan nie, nie deur ons eie sonde nie en ook nie deur die mag van die dood nie. Daarom wys die Here met Lasarus se opwekking uit die dood wat Hy vir elkeen van sy kinders doen. Hy sluit hulle in die lewe in wat Hy as God vir ewig met hulle leef. Hierdie lewe wat God met ons leef is ons vir Hom behoue in lewe, sterwe en in die nuwe skepping wat Hy vir ons voorberei.

Daarom kan die Here nooit te laat wees met iets wat met ons gebeur, om ons in sy liefde te laat bly leef nie.

8. Kelvin is nie vir die lewe saam met God verlore nie!

Christus sluit ons in sy lewe in om saam met Hom te leef vir ewig. Roudiens Kelvin Coleman

Hy is was in sy lewe met ons, in sy sterwensoomblik, en leef nou in die dood met God, en God sal hom weer liggaamlik met 'n nuwe en heel liggaam uit die dood laat opstaan om saam met God vir ewig te bly leef.

Omdat God geen belang in die dood van sy kind het nie, het die Here 'n lewe geskep waarin Kelvin altyd vir God leef, al sterf ons ook!

Daarom was God nie te laat om Kelvin te help nie.

Kelvin is ingesluit in die lewe wat die Here geleef het, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het om vir ewig as mens te leef. Kelvin is ingesluit in die liefde van God waar niks wie jy vir die Here is, en vir die Here doen, ooit vir God verlore kan gaan nie. Want God laat ons in en deur die dood heen in sy lief bly leef.

9. Daarom is daar ook geen sonde of slegte gewoonte wat gemaak het dat die Here te laat was om Kelvin te help nie. Die dood wat die Here in sy plek vir hom gesterf het, het alle skuld en oordeel so van Kelvin weg gevat dat alle sondes hom vir altyd vir vergewe is.

Daarom was die Here nie te laat vir Kelvin nie. Te laat voordat hy eers een of ander sonde moes bely of een of ander slegte gewoonte eers moes afleer, voordat die Here hom kon vergewe, liefhê en in sy liefde laat leef. Die Here was Kelvin 2000 jaar vooruit gewees met sy sterwe aan die kruis, sodat Kelvin sonder skuld en oordeel vir ewig in die Here se liefde kan leef, in sy lewe, in sy dood en in die nuwe skepping met 'n heel liggaam.

Kelvin was altyd verwonderd oor hierdie liefde van God!

Ek het Kelvin die eerste keer by die van Jaarsveld seuns ontmoet. Wanneer ons gepraat het, het hy altyd nader gekom en met sy rug na my gesit terwyl hy homself insluit in alles wat ons gesels. Ek was aangegryp in die manier waarop hy, so met sy rug na ons gekeer, homself deel van alles gemaak het en het eendag vir hom gevra of hy graag deel van die kerk wil wees.

Dit is toe dat hy omgedraai het en gesê het hy wil baie graag deel van die kerk wees.

Tydens sy kategeese was hy aangegryp gewees oor die evangelie en hoe ons sonder die wet, en gehoorsaamheid, deur God gered word. Hy het elke keer verwonderd gevra of ander mense dit ook weet wat hy nou ontdek het.

Dit is voor hierdie kansel dat Kelvin die teken van die doop ontvang het dat Hy ingesluit is in die lewe wat die Here vir en met hom leef. 'n Teken dat die Here nooit te laat sal wees om Kelvin in sy liefde te laat bly leef nie.

10. Goddeloses glo moes sinies dat hulle altyd ons geliefdes beter ken as wat ons mekaar ken, omdat hulle kan vertel van een of ander sonde wat hulle saam met ons geliefdes gedoen het of van weet, wat ons nie van ons geliefde van weet nie!

Met dieselfde eimagtigheid glo hierdie goddeloses mos ook dat hulle presies weet hoekom wat gebeur en waarom dit gebeur. Hulle weet presies watter sonde en oortreding jy of ander gedoen het, wat gemaak het dat jy die oorsaak of slagoffer van jou eie ellende is. Vir hulle is dit genoeg as hulle vir hulle self so een of ander logiese rede kan opdis.

Nou as hulle dan vir Kelvin soveel beter geken het, of beter ingelig oor sy dood sou wees as ons, hoekom rou hulle nie soos ons nie? Wie ken iemand beter, die wat saam een of ander sonde doen, een of ander wangedrag deel, of hulle wat liefhet?

Hoekom deel hierdie beteweteriges nie die rou van Jesus wat ween oor hulle wat Hy liefhet nie? Ken hulle Kelvin en sy sondes beter as die Here wat vir sy sondes aan die kruis gesterf het en kan hulle nader aan hom wees as die Here wat hom ingesluit het om gereinig van alle sonde in sy liefde te laat leef?

Dit is ons wat liefhet wat die naaste aan mekaar is en ons wat in die Here se liefde leef wat die naaste aan die Here is en bly.

11. Wat help dit ons dat Kelvin nie vir die liefde van die Here verlore is nie en vir altyd ingesluit is met die Here in die lewe wat Hy as Here leef?

Want vir ons is Kelvin weg!

Sy herinnering, en wie hy vir ons was en saam met ons was, sal altyd in ons hart en gedagtes behoue bly, maar dit is nie genoeg nie.

Dit is net nie genoeg nie!

Om te moet aanvaar dat hy en sy liefde vir ons nog net 'n herinnering gaan wees, beteken niks anders nie as dat hy self vir ons verlore is. Hoe kan dit genoeg wees? Om te moet aanvaar dat wie hy vir en met ons was net verlore is? Nog net gedagtes en verlanges kan wes en niks anders nie.

Hoe kan dit vir ons genoeg wees dat ons moet berus daarin dat hy met God leef en God altyd met hom is? Dit is miskien vir God genoeg as dit só sou wees, maar dan het God selfsugtig geword in sy liefde. Want dan laat Hy ons in liefde met mekaar leef net om dit te verloor omdat Hy dit terugvat.

Dit is net nie genoeg nie!

12. Daarom is die diepste geloofdeurbraak wat ons vandag moet maak en vind dat die Here ons vir mekaar behoue laat bly deur ons in sy liefde in te sluit waarin ons vir ewig met Hom leef.

Wanneer elke oomblik wat Kelvin met ons gedeel het, saam geleef het en saam met ons was, vir God behoue is in die lewe wat hy met God deel. Dan gebeur daar iets wat meer is as dat hy vir God met die lewe wat hy geleef het behoue is. Dan het ons die innerlike wete dat alles wat hy saam met ons en vir ons was nie verlore is nie. Dit het nie net verdwyn toe Kelvin verongeluk het nie. Dit het nie net niks geword en weggeraak nie. Omdat sy lewe vir God met God behoue is, bly dit vir hom en vir ons ook behoue.

Net so! Dit is net nie genoeg dat hy vir ons 'n herinnering in ons harte en gedagtes is nie. Christus het juis vir hom gesterf sodat hy net soos Christus weer met 'n heel liggaam uit die dood sal opstaan om deel van die Here se nuwe skepping te wees. Daarom is alles wat Kelvin met ons gedeel het, nie net deel van die verlede nie. Dit is vasgemaak om deel te wees van die toekoms wat ons met mekaar sal deel.

Daarom kan ons ook ons eie verminking en gestremdheid aanvaar wat ons opgedoen het met Kelvin se dood. Want sy dood het sy pa en ma lewenslank vermink en gestremd gemaak. Hulle sal nooit weer ophou rou nie. Maar hulle is mos ook verbind tot 'n nuwe skepping om saam met Kelvin weer heel te wees, met 'n heel liggaam, 'n heel siel en 'n heel gees, net soos die Here weer heel en lewend mens is na Hy dood was. Met hierdie hoop om saam weer heel te wees, kan ons mos die lewe wat Christus nou hier met ons deel en leef as 'n goeie lewe met God opneem.

Wie ontdek dat die Here so nie te laat is om vir Kelvin en ons God te wees nie, sal altyd die krag behou om liefde te gee en liefde te deel. Dit is die lewe waarin God ons insluit en laat deel. Geen deel van hierdie lewe kan vir God en ons weer ooit verlore wees nie. Daarom kan ons met die pyn en rou saamleef wanneer ons liefde verloor. Want vir is net weg, nie verlore nie.

Kom ons neem van Kelvin met hierdie geloof in wie God vir hom en ons is afskeid. Want hy en sy liefde met en vir ons, is nie vir ons verlore nie. Dit is vir die toekoms met saam met die Here in 'n nuwe skepping bestem.

“Wie in my glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit in alle ewigheid sterwe nie.”

Bedankings

1. Die familie wil graag vir Marinda Markos van Foodzone bedank. Sy was die eerste persoon wat by Kelvin se liggaam was net na die ongeluk en het die moeite gedoen om daar by hom te staan en die gemeenskap te kontak. Ook vir Lana Hoffman wat hierdie berig so aan die gemeenskap deurgegee het dat ons tyd gehad het om uit te vind dat dit Kelvin was en sy familie kon kontak voor die sosiale media.
2. In besonder ook vir Kobus Rossouw. Kobus het 'n onontbeerlike rol gespeel tydens en na Kelvin se dood. Hy het die hele tyd by Kelvin se liggaam gebly, sy liggaam opgepas, gesorg dat hy getuie kon wees van alles. Hy het al sy besittings beveilig het en Kelvin ook namens die familie gaan uitken in Tshilidzini hospitaal.
3. Vir Pieter en Theo Lordan van Vhavenda Bricks en hulle personeel. Ek het na Kelvin se skoolopleiding hom na 'n beroepsielkunde gevat. Sy het vir hom gesê hy moet in die ekonomie en besigheid ingaan met al sy besondere talente. Ek en Kelvin het saam na Pieter Lordan gegaan en hy het hom aangestel. Daar het Kelvin sy loopbaan begin en opgebou met Pieter, Theo en ander se ondersteuning. Kelvin was gelukkig by sy werk. Hulle het hom met respek vir sy bydraes en vermoëns behandel. Hulle wil ook hul dank oordra vir die ondersteuning vir hierdie roudiens.
4. Vir Danie Grobbelaar vir die reël van die verblyf vir die familie van ver en Tinus Botha vir die beskikbaarstelling van sy gastehuis.
5. Vir Dries en Gerda van Maartens begrafnisondernemers.
6. Die NG Kerk vir al die reëlins hier vandag in besonder vir Myke, Deona en ook Hettie.